# PINKSTER 2024

# Opstandingsperspektief



12-15 MEI 2024


Opstandingsperspektief
1. ROME & JODE

# Opstandingsperspectief

## 2. CLAVIUS




Opstandingsperspectief
3. MARIA


Opstandingsperspektief
4. BARTOLOMEUS

# Opstandingsperspektief
## 5. PETRUS



26 Nadat hulle die lofsang gesing het, het hulle
uitgegaan Olyfberg toe.
27 Toe sê Jesus vir hulle: "Julle sal almal van My
afvallig word. Daar staan immers geskrywe:
"Ek sal die herder doodmaak,
en die skape sal uitmekaar gejaag word.
28 "Maar nadat Ek uit die dood opgewek is, sal Ek
julle vooruit gaan na Galilea toe."

Markus 14:26-31

29 Petrus het vir Hom gesê: “Al sal hulle ook almal
van U afvallig word, ek sal nie.”
30 Jesus sê toe vir hom: “Dit verseker Ek jou: Jy sal
vandag nog, in hierdie nag, voordat die haan 'n
tweede keer kraai, My drie keer verloën.” 31 Maar
Petrus het nadruklik gesê: “Al moet ek saam met
U sterwe, ek sal U beslis nie verloën nie!”
En al die ander het dieselfde gesê.


Markus 14:26-31

66Terwyl Petrus onder in die binnehof was, kom
een van die hoëpriester se diensmeisies daar.
67Toe sy vir Petrus sien, besig om hom warm te
maak, kyk sy na hom en sê: “Jy was ook saam
met die man van Nasaret, die Jesus.”
68Hy het dit egter ontken deur te sê: “Ek ken
Hom nie en ek verstaan ook nie wat jy sê nie.”
Toe het hy na die deur se kant toe gestaan. En
daar het 'n haan gekraai.

Markus 14:66-72

69 Die diensmeisie het hom gesien en weer vir
dié wat daar by gestaan het, gesê: "Hy is een
van hulle." 70 Maar hy het dit weer ontken.
'n Rukkie later het dié wat daar by gestaan het,
vir Petrus gesê: "Werklik, jy is een van hulle, want
jy is mos ook 'n Galileër."
71 Toe begin hy vloek, en hy sweer: "Daardie man
van wie julle praat, ken ek nie."

Markus 14:66-72



72En onmiddellik het die haan 'n tweede
keer gekraai. Dit het Petrus toe bygeval wat
Jesus vir hom gesê het: “Voordat die haan 'n
'n tweede keer kraai, sal jy My drie keer
verloën.”
En hy het in trane uitgebars.
Markus 14:66-72

6"Moenie skrik nie!" sê hy vir hulle. "Julle soek
Jesus van Nasaret, wat gekruisig is. Hy is uit
die dood opgewek. Hy is nie hier nie. Kyk, daar
is die plek waar hulle Hom neergelê het.
7Maar gaan sê vir sy dissipels en *in die*
*besonder vir Petrus*: Hy gaan julle vooruit na
Galilea toe. Daar sal julle Hom sien soos Hy
vir julle gesê het."

Markus 16:6-7

15 Toe hulle klaar geëet het, vra Jesus vir
Simon Petrus: "Simon seun van Johannes,
het jy My baie lief, meer as hulle hier?"
"Ja, Here," antwoord hy Hom, "U weet dat ek
U liefhet."
Hy sê toe vir hom: "Laat my lammers wei."

Johannes 21:15-19


16 Jesus vra hom weer 'n tweede keer: "Simon
seun van Johannes, het jy My baie lief?"
"Ja, Here," antwoord hy Hom, "U weet dat ek
U liefhet."
Hy sê toe vir hom: "Pas my skape op."
Johannes 21:15-19

17 Jesus vra hom die derde keer: "Simon seun
van Johannes, het jy My lief?"
Petrus het bedroef geword omdat Jesus
hom die derde keer gevra het: "Het jy My
lief?", en hy antwoord Hom: "Here, U weet
alles. U weet dat ek U liefhet."
Hy sê toe vir hom: "Laat my skape wei.

Johannes 21:15-19

18 Dit verseker Ek jou: Toe jy jonger was, het jy self
jou klere vasgemaak en gegaan waar jy wil;
maar wanneer jy oud is, sal jy jou hande
uitsteek, en iemand anders sal jou vasmaak en
jou bring waar jy nie wil wees nie."
19 Dit het Jesus gesê en daarmee aangedui deur
watter soort dood Petrus God sou verheerlik.
Daarna sê Hy vir hom: "Volg My!"

Johannes 21:15-19

# JESUS TRANSFORMEER VERRAAIERS IN VERKONDIGERS




Opstandingsperspectief
5. PETRUS